

20 Februarie

1 Korintiërs 15:58

Ons werk - hoe prakties? (4)

Die afgelope drie dae het ons ingesien dat ons nie tevergeefs werk nie, omdat Christus die dood oorwin het. Paulus gee hier drie opdragte om ons opstandingsgeloof praktyk te maak.

*WEES STANDVASTIG. Die oorspronklike woord sê "sit". Ons moet as't ware elke dag op die heerlike feit van Jesus se opstanding "sit", dit wil sê, ons moet dit elke dag GLO!

Wanneer moedeloosheid jou wil oorval oor jou al moeiliker-wordende werksomgewing, onthou gelowig Jesus se leë graf. Die doodloopstrate van die lewe kon Hom nie stop nie. Sy deurgang deur die dood heen gee jou werk, hoe moeilik ook al, ewigheidswaarde (Op 14:13).

*WEES ONBEWEEGLIK. Letterlik staan hier:

"Nie saam beweeg nie". Dié woord is die wortel van die Engelse woord "cinema" - die plek van aanhoudende beweging (rolprente). Met ander woorde, moenie voortdurend saambeweeg met elke gier en gerug van die samelewing nie. Moet jou nie laat weg beweeg van jou HOOP nie (Heb. 13:9). Moenie jou laat ompraat deur die swartgalliges - dat jy tevergeefs sou werk en studeer nie.

*WERK OORVLOEDIG. Inspanning in diens van die Here is die manier waarop mens jou standvastigheid (geloof) en onbeweeglikheid (hoop) in Jesus Christus se opstanding aan almal rondom jou wys. En dit is niks anders as liefdesdiens vir Hom en jou naaste nie. So is GELOOF, HOOP EN LIEFDE die praktyk van Christus se oorwinning oor dood en vergeefsheid in jou lewe. Vandag se dagtaak is ewigheidswerk. Geniet dit!

Sing: Skrifberyming 25:1-4 (melodie Ps. 134)Ds. J. Botha (Laeveld)